# *IPELEGENG, 1918-1994: Van plakkerkamp tot dorpsgrond - 'n historiese studie*

deur

**SUSANNA J. BESTER**
B.A. (Hons)

Verhandeling voorgelê vir die nakoming vir die graad Magister Artium in Geskiedenis in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Dr. Elize, S. van Eeden
Potchefstroom
1997

# VOORWOORD

Hiermee wil ek graag my dank betuig aan die volgende:

- ***My Skepper,*** vir die krag en insig wat ontvang is om die studie te voltooi.
- ***My moeder, familie*** en ***vriende,*** wat my met geduld ondersteun en aangemoedig het.
- ***Die Dorpsraad van Schweizer-Reneke,*** vir hulle finansiële steun.
- ***Dr. E.S. van Eeden,*** wat met haar leiding en aanmoediging die studie soveel makliker gemaak het.
- ***Me. Corrie Postma,*** vir die netjiese en noukeurige tik- en formateerwerk.
- ***Mnr. Johan Blaauw***, Hoof: Taalpraktyk aan die PU vir CHO vir die taalversorging.
- ***Mnr. Deon Nel***, vir die foto's wat hy geneem het.
- ***Die grafiese ateljee*** van die PU vir CHO, vir die versorging van die foto's.
- ***Al die persone en instansies,*** soos in die studie vermeld, vir die verskaffing van inligting.

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

**VOORWOORD** .......... i

**ABSTRACT** .......... viii

**INLEIDING** .......... x

**HOOFSTUK EEN**

**VESTIGINGSPATRONE IN DIE OMSTREKE VAN SCHWEIZER-RENEKE TOT 1917** .......... 1

1.1 VROEë BEWONERS .......... 1

1.2 DIE PAD VANAF DIE KAAP NA MAMUSA .......... 2

1.3 MAMUSA - 'N HOLTE VIR DIE VOET .......... 3

1.4 DIE DIFAQANE-BEWEGING - 'N ONTWRIGTING VIR DIE KORANNA .......... 6

1.5 SENDINGBEDRYWIGHEDE .......... 6

1.6 MAMUSA KRY NUWE INWONERS .......... 7

1.7 KORANNAS KEER TERUG NA MAMUSA .......... 8

1.8 BLANKE VESTIGING NABY MAMUSA - HANDELSBELANGE VERBREED .......... 9

1.9 KONFLIK RAKENDE GRENSAFBAKENINGS .......... 10

1.10 DIE EERSTE TREë VIR 'N LOKASIE - DIE KORANNA SE ONAFHANKLIKHEIDSTRYD .......... 12

1.11 PLAKKERSKAMPTOESTANDE IN DIE LOKASIE .......... 15

1.12 DORPSGROEI IN SCHWEIZER-GEBIED NA DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG .......... 16

1.13 DIE GROOT GRIEP - 'N GROOT OMWENTELING .......... 20

**HOOFSTUK TWEE**

**DIE 1918-GRIEPEPIDEMIE AS STUKRAG VIR SWART DORPS-ONTWIKKELING** ... 21

2.1 SAAIER VAN DIE DOOD ... 21

2.2 DORPSONTWIKKELING KRY MOMENTUM ... 25

2.3 GEBREKKIGE TOEPASSING VAN WETGEWING ... 26

2.4 AMPTELIKE LOKASIE KRY BESLAG ... 27

2.5 UITBREIDING VAN BASIESE DIENSTE ... 31

2.6 INSTROMINGSBEHEER ... 38

2.7 NUWE BESTUURSTRUKTUUR - GROTER SELFSTANDIGHEID ... 37

**HOOFSTUK DRIE**

**'N LOKASIE OP PAD NA GROTER SELFSTANDIGHEID - 1945-1972** ... 39

3.1 PLAASLIKE BESTUUR ... 39

3.2 LOKASIE TWEE BREI UIT ... 40

3.3 "INWONERSVRIENDELIKE" LOKASIE GESKEP ... 40

3.4 DIE NG-KERK EN ANDER KERKGENOOTSKAPPE IN DIE LOKASIES ... 45

3.5 VERWIKKELINGE OP HANDELSGEBIED ... 46

3.6 GEDWONGE VERSKUIWING: VAN ZYL VERSUS DIE DORPSRAAD ... 48

3.7 WET OP GROEPSGEBIEDE - 'N NUWE RIGTING ... 52

3.8 MOONTLIKE VERSKUIWING AFGEWEER ... 54

3.9 GROTER SELFSTANDIGE PLAASLIKE BESTUUR ... 56

**HOOFSTUK VIER**

**GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN IPELEGENG TEEN DIE AGTERGROND VAN TRANSFORMASIE IN SUID-AFRIKA: 1972-1995** ... 57

4.1 VAN VERTEENWOORDIGDE TOT VERANTWOORDELIKE BESTUUR ... 57

4.2 IPELEGENG KRY 'N EIE DORPSKOMITEE ... 64

4.3 IPELEGENG AS DEEL VAN DIE VERANDERENDE SUID-AFRIKA ... 69

4.4 INFRASTRUKTURELE ONTWIKKELING ... 72

**HOOFSTUK VYF**

**SAMEVATTING** ........ 79

**BIBLIOGRAFIE** ........ 84

1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE ........ 84
2. STAATSPUBLIKASIES ........ 87
3. MEDEDELINGS ........ 88
4. VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE ........ 90
5. TYDSKRIFTE EN KOERANTE ........ 90
6. GEPUBLISEERDE WERKE ........ 91


**LYS VAN FOTO'S**

- Oorblyfsels van Taaibosch-Korannakrale wat deel gevorm het van hulle hoofkraal by Mamusa ........ 4
- Korannagrafte op die terrein waar die Taaibosch-Koranna hulle hoofkraal by Mamusa gehad het ........ 4-5
- Kaptein Mzilikazi van die Ndebeles wat een van die groot rolspelers tydens die "Difawane" was ........ 6
- Robert Moffat wat as sendeling onder die Koranna by Mamusa gearbei het ........ 7
- William Finaughty ........ 9
- Kaptein C.A. Schweizer ........ 14
- Veldkornet G.C.N. Reneke ........ 14
- Mnr. Edward Chinian ........ 17
- Die graf van Eerwaarde A.M. Palweni wat langs die Nederduitse Gereformeerde Kerk is ........ 32
- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk ........ 33
- Wesleyaanse Kerk in Ipelegeng ........ 35
- Die hoeksteen van die Wesleyaanse Kerk ........ 35
- Die winkel van me. Hilda KGosing - Kgosing Store ........ 48

- Die Biersaal in Ipelegeng ... 48
- Mnr. G.P. van Zyl ... 50
- Munisipale geboue in Ipelegeng ... 58
- Die Eerste Gemeenskapsraad van Ipelegeng ... 60
- Mnr. Jonas Marumo ... 66
- Die gemeenskapsaal ... 67
- Waterkrane in Ipelegeng ... 68
- Mnr. M.G.B. Madera ... 71
- Die huidige Dorpsraad ... 71
- Die ou pastorie van die NG-Kerk ... 72
- Die nuwe pastorie in aanbouing ... 72
- Die Roomse Katolieke Kerk ... 73
- Ipelegeng-kliniek ... 75


## LYS VAN KAARTE, SPOTPRENTE EN KENNISGEWINGS


- Schweizer-Reneke binne die Noordwes Provinsie ... vi
- Bevolkingstatistieke ten opsigte van Schweizer-Reneke, 1904-1996 ... viii
- Mamusa binne die grense van die ZAR soos wat dit met die Londonse Konvensie vasgestel is ... 11
- ’n Spotprent deur D.C. Boonzaaier wat die verskrikking van die Spaanse Griep-epidemie uitbeeld ... 22
- Die ligging van die nuwe lokasie/Lokasie Twee ... 24
- Die ligging van die lokasie soos wat dit aan Zylstroom van Mnr. G.P. van Zyl gegrens het ... 49
- Kennisgewing van die onteiening van ’n gedeelte van Zylstroom, die plaas van mnr. G.P. van Zyl ... 51
- Die ligging van Schweizer-Reneke ten opsigte van Bophuthatswana ... 53
- Gebied van die Wesvaal Streekdiensteraad ... 61
- Die kennisgewing van die Munisipale verkiesing in Ipelegeng soos dit in **Die Stellalander** van 25 Augustus 1988 verskyn het ... 65




Schweizer-Reneke binne die Noordwes Provinsie (**Bron**: Noordwes telefoongids, 1960)

| | | 1904 | 1911 | 1921 | 1936 | 1946 | 1951 | 1960 | 1970 | 1980 | 1985 | 1996 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stedelik | Blankes | 306 | 307 | 967 | 1 033 | 954 | 1 128 | 1 658 | 1 440 | 1 880 | 2 094 | 3 500 |
| | Indiërs | 1 | 3 | 49 | 77 | 109 | 81 | 99 | 109 | 60 | 122 | 400 |
| | Kleurlinge | 9 | 3 | 33 | 33 | 74 | 30 | 102 | 296 | 180 | 377 | 600 |
| | Swartes | 198 | 161 | 910 | 1 091 | 1 290 | 2 196 | 3 158 | 4 841 | 4 900 | 6 006 | 70 000 |

Bevolkingstatistieke ten opsigte van Schweizer-Reneke, 1904-1996 (**Bron**: Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, **Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika 1904 tot 1960**, Verslag no. 02-02-01, pp. 92, 96, 101, 105, 190, 196, 202 en 208; Suid-Afrika, Departement van Statistiek, **Bevolkingsensus 6 Mei 1970 ... Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede**, Verslag no. 02-05-01, pp. 36-37; Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus 1980, **Streekproeftabellasie, Geografiese verspreiding van die bevolking**, Verslag no. 02-80-01, pp. 88-89; Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Bevolkingsensus 1985, **Ouderdom volgens ontwikkelingstreek, Statistiese streek en distrik**, Verslag no. 02-85-02, pp. 39, 175, 313 en 438.

# ABSTRACT


According to present provincial division Schweizer-Reneke, of which Ipelegeng forms part, is in the North-West Province. Neighbouring towns are Delareyville, Bloemhof en Christiana. Schweizer-Reneke is 322 kilometres from Johannesburg. (See p. vi).

In 1991 there were about 1 032 white, 1 927 black, 105 Coloured and 32 Indian households. It means that 62% of the total households in 1991 were black.[1] According to the latest census (1996) the population of Schweizer-Reneke were 3 500 whites, 600 Coloureds, 400 Indians and 70 000 blacks. The figure of especially the blacks is variable because they are always move around from and to the residential area.[2] (See p. vii).

The Schweizer-Reneke district is mainly a farming community where maize, sunflower and peanut crops are planted. There are also farmers who keep cattle and small stock. The climate is characterised by very hot summers and cold winters. In mid-summer the average maximum temperature for January is 32,8 °C. In June, usually the coldest month, the temperature varies between 0,6 °C and 19,4 °C. According to the rainfall figures for the previous twenty years the rainfall can be described as uncertain. In 1977, for example, it was 950 mm, and in 1985 300 mm. For 1996, 562 mm was recorded.[3]

Schweizer-Reneke was founded in 1888 on the banks of the Harts River, the western boundary of the former Zuid-Afrikaansche Republic (ZAR). The territory was known as "Massouw Lokati". This was the reservation (also called location) given to the Korannas as their terrain. The Korannas, however, were opposed to living here as ZAR subjects. In the Battle of Mamusa in 1885 the Korannas were defeated by the ZAR and they lost their independence. Schweizer-Reneke was to be established three years later.


---

1 Republiek van Suid-Afrika (RSA), Sentrale Statistiekdiens, Getal persone in huishoudings volgens ontwikkelingstreek, Statistiese streek en distrik, 1991. Verslag no. 03-01-25, 1991. pp. 105, 331.

2 Oorgangsraad: Schweizer-Reneke (OSR), Skriftelike mededeling, A. Barkhuizer, Klerk/S.J. Bester, 04.03.1997.

3 Suidwes Koöperasie (SWK), Skriftelike mededeling, Me. L. van der Venter, Klerk/S.J. Bester, 19.03.1997.

Before the South African war (1899-1902) black people had already lived in a location at Schweizer-Reneke. The lifestyle and conditions in the location at Schweizer-Reneke can be compared to those in today's squatter camps. The location was not formally laid out or proclaimed and no basic services were not provided for owing to, amongst others, a lack of funds. The Town Council of Schweizer-Reneke neglected development of this location.

With the outbreak of the Spanish Flu Epidemic in 1918 the Town Council of Schweizer-Reneke was forced to improve the inadequate and deficient services in the location in order to prevent the flu to spread to the surrounding areas. This led to the proclamation of a larger location (named Location Two) further away from the white town. Basic services were established in both the old and new location. It was only by 1940 that Location One was officially proclaimed as location and obtain full status as black location.

After the enforcement of the Group Areas Act of 1950 Location One was disposed of and Location Two became the only black area opened for settlement. This black suburb developed its own identity in the early 1970's and came to be called Ipelegeng. As a result of the political changes from 1972 to 1995 Ipelegeng evolved from being only a representative local council to a responsible local managing board.

In this study **Chapter One** will shed more light on the development history of Ipelegeng, the focus being on the earlier settlement patterns and community development in the vicinity of Schweizer-Reneke up to 1918. In **Chapter Two** the Spanish Influenza of 1918 is discussed as turning point in the development of a black township.

**Chapter Three** covers the time from 1945 to 1972 that portrays a period of separation and turmoil in the creating of a local independence. Community development in Ipelegeng, within the framework of political changes in South Africa from 1972 to 1995, forms the key aspect of **Chapter Four**. The **concluding Chapter** is an evaluation of the black township development at Schweizer-Reneke in which the main developments and key aspects of Ipelegengs process of becoming a town are accentuated.

# INLEIDING

Volgens huidige provinsiale indeling is Schweizer-Reneke, waarvan Ipelegeng deel uitmaak, in die Noordwes-provinsie ingesluit. Ander dorpe in die omgewing is Delareyville, Bloemhof en Christiana. Die dorp is ongeveer 322 kilometers van Johannesburg af. (Kyk p. vi). In soverre dit die huishoudings van die Schweizer-Reneke-distrik aangaan, was daar teen 1991 1 054 blanke, 5 133 swart, 105 Kleurling- en 32 Indiërhuishoudings.[4] Dit beteken dat 62% van die totale aantal huishoudings op daardie stadium swart was. Volgens die bevolkingsensus van 1996 het Schweizer-Reneke 3 500 blankes, 600 Kleurlinge, 400 Indiërs en naastenby 70 000 swart bewoners gehuisves.[5] (Kyk p. vii).

Schweizer-Reneke het veral 'n blanke boeregemeenskap waar daar onder meer graangewasse soos mielies, sonneblom en grondboontjies verbou word. As deel van die gemengde boerdery-aktiwiteite word ook met groot- en kleinvee geboer.

Die klimaat word gekenmerk deur baie warm somers en koue winters. Vir Januarie in die midsomer is die gemiddelde maksimum temperatuur 32,8 °C en die minimum 12,2 °C. Vir Junie in die winter is dit onderskeidelik 19,4 °C en 0,6 °C. Volgens die syfers van die afgelope tien jaar is die reënval redelik wisselvallig. So het Schweizer-Reneke byvoorbeeld 950 mm in 1977 ontvang, terwyl daar in 1985 slegs 300 mm gemeet is. Vir 1996 is daar 562 mm aangeteken.[6]

Schweizer-Reneke is in 1888 op die oewers van die Hartsrivier, die wesgrens van die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), gevestig. Die grondgebied waarop die dorp uitgelê is, het bekend gestaan as "Massouw Lokati". Dit was die reservaat (ook locati genoem) wat deur die ZAR vir die Korannas as grondgebied afgebaken is. Hierdie streekstudie fokus spesifiek op die proses van dorpsvestiging en -groei van die swart bewoners in die onmiddellike omgewing van die Schweizer-Reneke-gebied.

---

4 Sentrale Statistiekdiens, **Getal persone in huishoudings volgens ontwikkelingsstreek, statistiese streek en distrik, 1991.** Verslag no. 03-01-25.

5 OSR, Skriftelike mededeling, A. Barkhuizer, Klerk/S.J. Bester, 04.03.1997.

6 Suidwes Koöperasie (SWK), Skriftelike mededeling, Me. L. van der Venter, Klerk/S.J. Bester, 19.03.1997.

Streeks- en verstedelikingsgeskiedenis as vertakkings van die Geskiedwetenskap, word al vir byna 25 jaar aktief deur historici in Suid-Afrika bestudeer. Etlike boekpublikasies het al oor hierdie onderwerpe verskyn.[7] Akademiese tydskrifte wat ook streeks- en verstedelikingsstudies reflekteer, is *New Contree, Historia, Die Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* en *Kleio.*

Ongeag die verskeidenheid van streekspublikasies wat oor die distrikte en dorpe van Suid-Afrika beskikbaar is, is daar nog besliste leemtes. So is daar onder meer beperkte wetenskaplike navorsing rakende die historiese ontwikkeling en invloed van alle bevolkingsgroepe se aktiwiteite in elke uithoek van Suid-Afrika.[8] 'n Tipiese voorbeeld is die dorp Ipelegeng in die Schweizer-Reneke-distrik.

Oor die Schweizer-Reneke-distrik is enkele sekondêre bronne beskikbaar. Drie van die werke is deur H.P. Maree geskryf, naamlik: **Die geskiedenis van die dorp en distrik Schweizer-Reneke, 1870-1952** (1952); **Die geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke, 1888-1969**, (1969); **Die ou pad** (1967). 'n Onlangse publikasie van Schweizer-Reneke is die van M.M.B. Liebenberg getiteld **Schweizer-Reneke** (1990). Die vernaamste fokus van beide hierdie publikasies is dat dit hoofsaaklik beperk is tot die rol van die blanke in die Schweizer-Reneke-distrik.

In die publikasies van Maree, 'n boorling van Schweizer-Reneke en amateurhistorikus, val die klem op die dorp Schweizer-Reneke, wat oorwegend 'n blanke karakter weerspieël en nie 'n wyer beeld van die historiese ontwikkeling van die distrik gee nie. Dit bring mee dat die inligting oor die swart woongebied Ipelegeng bloot oorsigtelik hanteer is, in soverre dit die dorpsontwikkeling van Schweizer-Reneke geraak het. Na aspekte soos Korannagebruike en -tradisies, soos voor swart dorpsontwikkeling, sowel as die rol van die blanke in die skepping van 'n religieuse bewussyn onder die plaaslike swart bewoners, word bloot terloops verwys. Op sy beurt is die publikasie van

---

7 Kyk onder meer J. Laband, **Pietermaritzburg 1838-1988: A new portrait of an African city** (1988); N. Labuschagne, **Pretoria: The early days** (1989); A.G. Oberholster, **Paarlvalley: 1687-1987** (1987); K.W. Smith, **From Frontier to Midlands: a history of the Graaff-Reinet district, 1786-1910** (1976); E.S. van Eeden, **Carletonville van pionierstreek tot goudspens** (1995); P.H.R. Snyman, Die stand van stedelike en streeksgeskiedenis in die RSA, **Contree**, 16 Julie 1984, pp. 30-31.

8 Vgl. bv. bronne wat oor swart verstedeliking handel, bv. A.O. Spontana landelike verstedeliking by die Xolo van suidelike Kwa-Zulu, **South African journal of ethnology**, 10:2, June 1987, pp. 83-99; D.S. Krige, Swart verstedeliking in die Oranje-Vrystaat: bevolkingsverspreiding op provinsiale vlak, **Scripta geographica**, 13, 1987, pp. 30-50; S.M. Nel, 'n Agtergrondstudie van grondgebruikbeheer en grondgebruikstelsels van swart dorpe in die RSA met spesiale verwysing na behuising in Phuthaditjhaba, Qwaqwa, **Journal of dietetics and home economics**, 23:3, 1995, p. 188; A Niewoud en J.L. Schutte, The transformation of minimum standard housing: upgrading the housing stock in Ipelegeng, Town and regional planning, 28, April 1990, pp. 3-7.

Liebenberg 'n feespublikasie van Schweizer-Reneke waarin slegs 'n skets van die dorp se honderdjarige bestaan gegee word.

Om 'n rekonstruksie van Ipelegeng se ontwikkeling volgens die historiese metodiek van bronidentifisering, bronnekritiek, verklaring en relevansie te skets, is primêre navorsing hoofsaaklik in die Nasionale Argiefbewaarplek (NAB)[9] in Pretoria en die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB) in Pretoria gedoen. Dit is veral gegewens van die periode tussen 1870 tot 1960 wat in die argivalia gevind is. Inligting rakende die periode voor 1870 is beperk en daar moes grotendeels op sekondêre bronne gesteun word. In die primêre navorsing oor die swart kerklike- en onderwysontwikkeling te Schweizer-Reneke is daar veral tot 1935 ook leemtes ondervind.

Vir gegewens vanaf 1960 is veral gesteun op dokumente in die besit van die Schweizer-Reneke (Oorgangsraad) Ipelegeng, die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Ipelegeng Kliniek en die Kolong-skool. Hierbenewens is "stiltes" in die historiese verlede van Ipelegeng gevul deur inligting wat in Staats- en plaaslike koerante verkry is en onderhoude wat met belanghebbende persone van 'n verskeidenheid van instansies gevoer is. Voorts is algemene sekondêre bronne ook gebruik om die historiese ontwikkeling van Schweizer-Reneke in perspektief te plaas.

'n Beperkte getal tydskrifartikels is opgespoor wat die Schweizer-Reneke-gebied reflekteer het. Hierdeur kon 'n goeie beeld van veral die sendelinge se werksaamhede onder die Korannas van Mamusa geskep word.

Ter bespreking word die **eerste hoofstuk** oor die ontwikkelingsgeskiedenis van Ipelegeng gewy aan die vroeë vestigingspatrone en gemeenskapsontwikkeling in die omstreke van Schweizer-Reneke tot met die uitbreek van die wêreldwye Spaanse Griep-epidemie van 1918. In **hoofstuk twee** word hierdie tragedie wat die land getref het, se aanwesigheid in Ipelegeng bespreek. Die epidemie kan beskou word as die aktiveerder van die eerste swart gebied, 'n tipiese dorpsontwikkeling aldaar.

Gemeenskapsontwikkeling in Ipelegeng te midde van plaaslike bestuurverandering, wat teen die agtergrond van veranderinge wat in Suid-Afrika vanaf 1972 tot 1995 geskets is, vorm die kern van **Hoofstuk Vier**. Die **laaste hoofstuk** is 'n samevattende evaluering van swart dorpsontwikkeling in die Schweizer-Reneke-gebied.

---

9 Die Nasionale Argiefbewaarplek was eers as die Transvaalse Argiefbewaarplek bekend. Met die nuwe provinsiale indeling van 1995, is die name van hierdie staatsinstansies gewysig.

Met die studie is beoog om vas te stel in welke mate grondgeskille en ekonomiese invloede tussen die Harts- en Vaalrivier 'n invloed gehad het op swart dorpsontwikkeling by Schweizer-Reneke. Dit is ook duidelik aangetoon dat die Spaanse Griepepidemie van 1918 'n beslissende faktor was vir georganiseerde dorpsontwikkeling vir swartmense by Schweizer-Reneke. Die rol van die dorpsraad van Schweizer-Reneke, sowel as die Bantoe-Administrasieraad en die Gemeenskapsraad ten opsigte van swart dorpsontwikkeling word ook uitgelig. Verder word die gemeenskapsontwikkeling en sosiale belewing van die Ipelegengbewoners empaties beskryf in die studie.

Alhoewel verstedeliking 'n rol gespeel het in Ipelegeng se uitbreiding, is dit egter nie die fokuspunt van die studie nie. Die oorkoepelende doelstelling is om die proses van bestuursontwikkeling en samelewingsstrukture se vestiging uit te lig.